**Dawid gesalf as koning, en Dawid oorwin Goliat (OP191)**

**1 Sam 16:1-17:58**

**29 September 2024**

Laasweek het ons stilgestaan by die feit dat die Here Saul verwerp het as koning, alhoewel die Here hom vroeër aangestel het as koning. Deur die gebeure met Saul het die Here aan ons gewys hoe ‘n besondere koning dit is waaraan ons as sondaars behoefte het om ons oorloë teen die duiwel te voer, en om die duiwel te oorwin. Dit kan nie ‘n koning soos Saul wees wat nie die hand van die Here in die gebeure raakgesien het nie, wat nie ontsag vir die Here gehad het nie, wat eiesinnig opgetree het, en wat teen die bevel van die Here Agag, wat ‘n volgeling van die duiwel was, se lewe gespaar het. Nee, die Here het aangedui Hy wil ‘n koning oor die volk aanstel wat beter is as Saul, ‘n koning na die hart van die Here.

Vandag wil ek begin om te kyk na Dawid as koning oor die volk. Ek wil kortliks enkele opmerkings maak oor Dawid se salwing as koning, asook na Dawid wat in diens van Saul was – soos wat dit vir ons beskryf word in 1 Sam 16. Ek wil egter vandag grootliks stilstaan by 1 Sam 17 waar ons die geskiedenis van Dawid en Goliat lees.

<u>Dawid word as koning gesalf (1 Sam 16:1-13)</u>

Die Here het vir Samuel gesê dat hy nie net kan aanhou treur oor Saul se teleurstellende koningskap nie. Nee, Samuel moet na Betlehem gaan, en daar moet hy een van Isai se seuns gaan salf as koning. Natuurlik is Samuel huiwerig – immers is hy nie op goeie voet met Saul nie, immers is Saul nog die koning, en nou moet hy een van Isai se seuns gaan salf as koning. Dit is moeilikheid soek. Maar hy gehoorsaam die Here. In Bethlehem verskyn Isai se seuns een na die ander voor Samuel. Eliab is die oudste, en hy verskyn eerste. Samuel is beïndruk met Eliab se voorkoms, en dink dit moet die een wees wat die nuwe koning moet wees. Maar die Here sê vir hom Hy het Eliab afgekeur, want: “Dit gaan immers nie oor wat die mens sien nie, want: ‘Die mens kyk na wat hy sien, maar die Here kyk na die hart’” – dit strook natuurlik met wat die Here al in 1 Sam 13:14 deur Samuel gesê het: Die Here het ‘n koning na Sy hart uitgesoek. Die Here gaan dus ‘n koning aanstel wie se hart soos die Here se hart is. Dawid was Isai se jongste seun, en hy het laaste voor Samuel verskyn – en hy was die een wat gesalf is as die nuwe koning. Hierdie salwing was egter ‘n privaat salwing, net in die teenwoordigheid van ‘n beperkte aantal mense – Saul was in die oë van die volk steeds hulle koning. Dawid was egter die een wat die Here aangewys het as die volgende koning, en hy is reeds gesalf as koning. 1 Sam 16:13 sê die Gees van die Here het van daardie dag van Dawid besit geneem.

<u>Dawid in Saul se diens (1 Sam 16:14-23)</u>

In kontras met Dawid, van wie ons sopas gelees het dat die Gees van die Here van hom besit geneem het, sê 1 Sam 16:14 dat die Gees van die Here van Saul gewyk het, en dat ‘n bose gees, wat van die Here afgekom het, oor Saul gekom het. Ons ken die geskiedenis: Saul se amptenare het aanbeveel dat dit goed sal wees as iemand vir Saul op die lier kan speel wanneer die bose gees oor hom kom. En uit die res van die hoofstuk volg dan die interessante verwikkeling dat Dawid die een geword het wat vir Saul op die lier gespeel het – en dit het gehelp: Telkens as Dawid vir Saul op die lier gespeel het, het dit vir Saul verligting gebring.

Wat ons moet raaksien: Saul was die eerste koning, die Gees van die Here het ook aanvanklik op hom gekom. Maar sedertdien is Saul deur die Here verwerp as koning, en die Gees van die Here het van hom gewyk. Hy was volgens die volk nog formeel koning, maar daar was nou ‘n bose gees oor hom. Daarteenoor is daar Dawid – die nuwe koning, wat reeds deur die Here gesalf is, maar die volk

weet dit nog nie. Die Gees van God is op hom – en hy speel vir Saul op die lier as die bose gees oor Saul kom. Fassinerend: Die afgesette koning gevul met 'n bose gees, vind verligting as die nuutaangestelde koning, wat gevul is met God se Gees, vir hom speel.

Dawid oorwin Goliat (1 Sam 17:1-58)

Die geskiedenis van Dawid en Goliat is baie bekend. Maar ongelukkig dink ek dit is openbaringsgeskiedenis wat dikwels totaal en al verkeerd verstaan en toegepas word. Ek het op 'n stadium 'n preek oor hierdie gebeure gehoor waar die interpretasie van die gebeure was dat Dawid vir Goliat oorwin het omdat Dawid 'n goeie selfbeeld gehad het – hierdie selfbeeld sou glo afkomstig wees uit die feit dat Dawid al leeus en bere doodgemaak het – en daarom kans gesien het om Goliat aan te val. Verder kon Dawid glo staatmaak op die feit dat hy met sy slingervel Goliat vanaf 'n afstand kon aanval – wat sy selfbeeld nog verder aangemoedig het. Ek het ook al gelees hoe daar geredeneer word Dawid se slingervel is 'n simbool van geloof, en die 5 klippies is allegoriese simbole vir sake soos gehoorsaamheid, diens, Bybel lees, gebed en onderlinge gemeenskap. Die implikasie is dus as ons fokus op geloof, gehoorsaamheid, diens, Bybel lees, gebed en gemeenskap, sal ons ook die Goliatte in ons lewens kan oorwin. Immers: God is mos vir ons, wie kan dan teen ons wees? Nodeloos om te sê, is ek oortuig dit mis totaal en al die betekenis van die gebeure.

Kom ons probeer om op 'n meer verantwoordelike manier oor hierdie geskiedenisverhaal te dink. Soos in enige goeie storie, het hierdie gebeure verskillende elemente: ons lees eers wat die omstandighede was waarbinne dit afspeel, daarna is daar 'n prikkel wat 'n krisis veroorsaak, dit word gevolg deur gebeure wat die spanning laat opbou, dan volg die klimaks, gevolg deur 'n afname in spanning, en 'n samevatting. As jy wil verstaan wat die punt van die storie of die gebeure is, moet jy gaan kyk wat gebeur in die klimaks, en ook hoe word dit saamgevat aan die einde van die storie. Kom ons gaan kyk nou na die elemente van die Dawid-en-Goliat geskiedenis:

- Omstandighede (v1-3): Soos wat ons nou al herhaalde male gesien het, is die konteks weer 'n oorlog – dit is weer 'n oorlog tussen die Filistyne en die volk Israel. Die keer het die Filistyne stelling ingeneem op een heuwel, en die Israeliete op 'n ander heuwel, met 'n vallei tussen hulle twee.
- Prikkel (v4-11): Die prikkel wat 'n krisis veroorsaak is Goliat wat uit die kamp van die Filistyne kom, en die volk uitdaag om iemand te stuur om teen hom te kom veg. Goliat is 'n reus van sowat 3m lank, wat 'n indrukwekkende harnas dra – let op vers 5 sê dit is 'n geskubde harnas. Verder is hy gewapen met 'n swaard en 'n spies en 'n skild. Boonop sê Goliat as hy wen, moet die volk die Filistyne se slawe word, maar as die volk se vegter wen, sal die Filistyne die volk se slawe word.
- Opbou van die spanning (v12-44): Na hierdie uitdaging deur Goliat, volg verskeie insidente wat die spanning al hoe verder laat opbou:
    - V10-18: Isai stuur die jong Dawid na die oorlog toe om te gaan uitvind hoe dit met Dawid se drie oudste broers gaan wat diens gedoen het in die oorlog.
    - V19-27: Dawid kom by die slagveld en by sy broers aan. Terwyl Dawid met hulle praat, kom Goliat weer te voorskyn en herhaal sy uitdaging aan die volk. Al die Israeliete is bang. Dawid hoor Saul het besluit die persoon uit Israel wat wel vir Goliat verslaan, sal groot voorregte ontvang: hy sal groot rykdom ontvang, hy mag met Saul se dogter trou en sy familie sal vrygestel wees van verpligtinge in Israel. Maar let op wat Dawid direk raaksien in v26b: Hy sien raak Goliat is 'n onbesnede Filistyn wat 'n bespotting maak van die gevegslinies van die lewende God. Onthou hoe Saul in die verlede telkens die hand van die Here misgekyk het – Dawid toon

onderskeidingsvermoë: Hy sien raak dit is ‘n stryd tussen ‘n onbesnede heiden en die volk van die Here, hy sien raak dit is ‘n stryd tussen die nageslag van die duiwel, en die nageslag van die vrou.
    - V28-30: Eliab, Dawid se oudste broer word kwaad vir Dawid. Hy beskuldig Dawid van verwaandheid en boosheid.
    - V31-39: Dawid is nou by Saul, en hy bied aan hy sal teen Goliat gaan veg. Saul ontmoedig Dawid. Maar Dawid vertel hoe hy al ‘n leeu of ‘n beer doodgemaak het wanneer hy sy pa se skape opgepas het. Dawid is oortuig: “Die Here wat my gered het uit die klou van ‘n leeu en die klou van ‘n beer, dit is Hy wat my sal red uit die hand van hierdie Filistyn.” Saul stem in – hy laat Dawid sy wapenrusting aantrek, maar Dawid kan nie daarmee beweeg nie, en trek dit weer uit.
    - V40-44: Dawid vat sy staf, sy slingervel en hy gaan tel vyf klippies in die spruit op. En so gaan hy Goliat tegemoet. Goliat kom Dawid ook tegemoet. Hy vervloek Dawid in die naam van sy afgode.
- Klimaks (v45-49): Dawid reageer op Goliat se vloeke. Lees verse 45-47. Dawid sê vir Goliat hy kom in die Naam van die Here, Heerser oor alle magte. Hy is oortuig die Here sal aan hom die oorwinning gee. En die gevolg sal wees: Die hele aarde sal weet Israel het ‘n God. Die hele strydmag sal moet erken dit is nie deur swaard en spies wat die Here verlos nie. Almal sal moet erken: die oorlog behoort aan die Here. Dan gooi Dawid een klippie met sy slingervel, en Goliat val met sy gesig op die grond.
- Afloop van die spanning (v50-54): Dawid het nader gehardloop en Goliat se kop afgekap met Goliat se eie swaard. Gevolglik het die Filistyne op die vlug geslaan, en die volk Israel het hulle agtervolg en oorwin.
- Samevatting: (v55-58): Ons lees dat toe Dawid uitgegaan het om teen Goliat te veg, wou Saul van Abner, die bevelvoerder van sy leer, weet wie Dawid is. Maar Abner het nie geweet nie. Toe Dawid terugkom na hy Goliat doodgemaak het, het Saul self vir Dawid gevra: “Wie se seun is jy, jong man?” En Dawid het geantwoord: “Die seun van u dienaar Isai, uit Bethlehem.”

Dit is in kort die gebeure van die stryd tussen Dawid en Goliat. Ons het vroeër gesê, as ons die betekenis van die gebeure verantwoordelik wil interpreteeer, moet ons spesifiek gaan kyk na wat in die klimaks van die gebeure gebeur het, en hoe dit opgesom word na die afloop van die gebeure. Wel, in die klimaks van die gebeure het Dawid vir Goliat oorwin – met ‘n enkele klippie uit ‘n slingervel. Let ook op wat Dawid op daardie stadium gesê het: Deur die oorwinning sal almal moet erken Israel het ‘n God. Almal sal moet erken die oorlog behoort aan die Here – en Hy gee die oorwinning nie deur swaard en spies nie. En in die samevatting van die gebeure in v55-58 wil Saul net weet: Wie is Dawid? En die antwoord is: Dawid is die seun van Isai uit Betlehem. As ons hierdie gebeure werklik wil verstaan moet ons dus raaksien: Die oorlog behoort aan die Here. Die Here gee die oorwinning. Hy gee dit nie deur swaard en spies nie. Hy gee dit wel deur Dawid, die seun van Isai, uit Betlehem – dit is die punt! Niks van goeie selfbeeld nie, niks van spesiale betekenis van vyf klippies nie. Die Here gee die oorwinning deur Dawid, die seun van Isai, uit Betlehem.

Kom ons staan nou ‘n bietjie verder terug en kyk hoe hierdie gebeure inpas in die groter konteks. Wel, ons het vandag begin deur te kyk na 1 Sam 16 – daar het ons gesien hoe Dawid deur die Here geïdentifiseer is as die een wat Samuel moes gaan salf as koning. Daarna het die Gees van die Here oor Dawid gekom. Ons het ook gesien die Gees van die Here het van Saul gewyk, en ‘n bose gees het oor hom gekom. Saul het Dawid nodig gehad om vir hom op die lier te speel om hom te kalmeer. Nou het Saul Dawid nodig om Goliat te verslaan. Die Here gee dus die oorwinning oor die Filistyne deur die nuutgesalfde koning Dawid, op wie die Gees van die Here rus, en nie deur die afgesette

koning Saul van wie die Gees van die Here gewyk het nie. Nee, Saul bly eenvoudig agter in die kamp. In die plek van Saul wat Agag se lewe gespaar het teen die uitdruklike opdrag van die Here in, gee die Here nou die oorwinning deur 'n nuwe koning, 'n koning wat 'n vyandige vegter direk kan raaksien as 'n onbesnede heiden wat die volk van die lewende God verneder, en wat dan in volle vertroue op die Here die vegter man alleen gaan aanpak, en hom oorwin met die doel dat die hele aarde sal weet daar is 'n God in Israel! Dit is so anders as wat Saul se optrede was. En, let op, hierdie nuutgesalfde koning is Dawid, en Dawid is die seun van Isai, en hy kom uit Betlehem. En, let op, Isai is die kleinseun van Boas, en Boas was uit die geslag van Elimeleg, en Elimeleg was van Betlehem uit die stam Juda. Dit was juis uit Juda se nageslag wat Jakob die komende koning voorsien het. Juda was op sy beurt Jakob se seun. Jakob was Abraham se kleinseun – en dit is uit Abraham se nageslag wat die Here al gesê het konings sal na vore kom. En Abraham stam af van Adam en Eva uit wie se nageslag daar Een sal kom wat die slang van die kop sal vermorsel. Kan dit dalk wees dat Dawid die Een is?

Geliefdes, die afgelope paar weke besin ons al oor daardie drie vraagstukke na Gen 3: Hoe gaan die Here die sondeskuld aanspreek? Hoe gaan die Here die sondegeneigdheid aanspreek? Hoe gaan die Here die kop van die slang vermorsel? Ons het gesien dat die rol van die koning is onder andere juis om oorloë te voer. Ons het gesien oorloë is juis die gevolg van die vyandskap tussen die vrou en die slang, tussen die nageslag van die vrou en die nageslag van die duiwel. Ons het gesien Saul was 'n teleurstelling: al was hy koning, was hy skuldig aan sondegeneigdheid en sondeskuld, en boonop het hy Agag se lewe gespaar – Agag wat 'n volgeling van die duiwel is. Die Here het hom verwerp as koning, en het gesê die Here sal 'n ander koning aanstel – een wat beter is as Saul, een na die hart van die Here. Die Here het vir Samuel gesê Dawid moet gesalf word as koning – hy is uit Juda, hy toon onderskeidingsvermoë om die vyand van die Here te kan onderskei. Is hy dalk die beloofde een wat die kop van die slang gaan vermorsel?

Let nou mooi op: Kan ek jou weer herinner aan 1 Sam 17:5 – daar word Goliat se harnas beskryf as 'n geskubde harnas? Hoor jy dit? 'n Geskubde harnas! Waaraan moet dit ons laat dink? Tog sekerlik aan die slang in Gen 3 – aan die duiwel! Dit is vir hom wat Dawid doodmaak. Let op: hy maak hom nie net dood nie – hy kap sy kop af! Onthou, die Here het Een beloof wat die kop van die slang gaan vermorsel! Is Dawid dalk die Een? Natuurlik is Goliat nie die duiwel nie. Netsoos wat Agag ook nie die duiwel was nie. Maar hulle is volgelinge van die duiwel. Ons begin al meer bevestiging kry dit is deur 'n Koning wat die Here die duiwel se kop gaan vermorsel. Ons begin ook sien dat Dawid beter is as Saul. Dit lyk al meer of Dawid eerder 'n koning na die Here se hart is as Saul. Maar is Dawid die beloofde Een?

Netsoos wat Goliat nie die duiwel is nie, netso is Dawid nie self die Een wat die Here beloof het om die kop van die slang te vermorsel nie. Maar Dawid is natuurlik 'n Ou Testamentiese tipe van die Here Jesus, wat wel Die Een is wat sou kom en wat wel die duiwel oorwin het. Geliefdes, en as jy dit eers raakgesien het, is dit verstommend om weer oor die geskiedenis van Dawid en Goliat te gaan dink, en dan spesifiek om die ooreenkomste raak te sien met die gebeure toe Jesus mens geword het. Kyk na die volgende:

- Eliab, Dawid se broer, het Dawid teengestaan toe hy teen Goliat wou gaan veg. Eliab het gesê Dawid is verwaand. Vergelyk dit met Jesus se broers – in Joh 7:5 lees ons dat selfs Jesus se broers nie in Hom geglo het nie.
- Saul was die koning wat eerste aangewys is en wat die volk se oorloë moes voer. Maar hy was geestelik blind. Selfs in die huidige oorlog teen die Filistyne is hy steeds die openbare koning, Saul is die een wat kop en skouers bo die volk uitgestaan het – hy was sekerlik die

een wat teen die reus Goliat moes gaan veg het, Saul is die een met die wapenrusting, Saul is die koning wat moet voorloop. Maar, Saul is ‘n teleurstelling. Dawid moet die rol as koning vervul en die oorlog voer. Vergelyk dit met Jesus: Toe Jesus kom, kom Hy as Koning en Hoëpriester. Maar is Herodes is dan nie die koning van die Jode nie? Ja, maar hy is ‘n teleurstelling. Is Kajafas nie die hoëpriester nie? Ja, maar hy is ook ‘n teleurstelling.

- Waar was die volk toe Dawid uitgegaan het om teen Goliat te veg? Hulle was teen die heuwel op ‘n afstand. Waar was die vroue en van die dissipels toe Jesus teen die duiwel geveg het? Hulle het op ‘n afstand van die voet van die kruis gestaan.
- Dawid het alleen die oorwinning oor Goliat behaal. Jesus het alleen die oorwinning oor die duiwel behaal.
- Toe Dawid op die punt was om Goliat te oorwin, het hy gesê: “Die hele aarde sal weet dat Israel ‘n God het.” Toe Jesus aan die kruis gesterf het, het die Romeinse bevelvoerder wat Hom moes bewaak, gesê: “Hy was werklik Seun van God.”
- Na Dawid Goliat doodgemaak het, kom hy terug na Jerusalem met die kop van Goliat in sy hande. Na Jesus opgestaan het uit die dood, wys Hy daardie Sondagaand aan Sy dissipels die merke in Sy hande en Sy sy.
- Dawid se oorwinning oor Goliat begin ‘n periode van stryd tussen hom en Saul – wie is nou die gesalfde koning? Na Jesus se kruisiging begin ‘n periode van worsteling: wie is nou werklik die Koning van die Jode, selfs meer as dit: Wie is die Opperkoning?
- Na Dawid Goliat doodgemaak het, tree die volk toe tot die stryd teen die Filistyne en agtervolg hulle. Na Jesus se oorwinning oor die duiwel , met Sy hemelvaart, stuur Hy Sy dissipels uit om te gaan dissipels maak, en hulle moet stry teen die bose geeste in die lug – dit gebeur eers na die duiwel oorwin is.
- Dawid is bloot die Ou Testamentiese tipe van die Koning wat vir ewig op die troon gaan sit. Jesus is die Koning wat vir ewig op die troon gaan sit het.

Daar is egter ook ‘n reuse verskil tussen Dawid en die Here Jesus. Dawid het nie gesterf tydens sy oorwinning oor Goliat nie, die Here Jesus het wel gesterf tydens Sy oorwinning oor die duiwel. En uit ons bestudering tot hiertoe begin ons verstaan hoekom daar ‘n verskil is: Dawid was net koning. Dawid was nie ook hoëpriester nie. Die Here Jesus is egter die Priesterkoning – Hy is Hoëpriester én Koning. En boonop is Hy nie net Hoëpriester nie, Hy is ook self die plaasvervangende offer wat moes sterf om effektief te betaal vir ons sondeskuld. Sien jy die punt: Jesus het gesterf omdat Hy as Hoëpriester Homself geoffer het om vir ons sondeskuld te betaal. Dawid het nie hierdie rol vervul nie, want hy was nie hoëpriester nie, hy was net koning. En daarom het hy nie gesterf nie.

Al met al, wat is die verskil tussen Saul en Dawid? Beide het teen die Filistyne geveg, en beide het oorwinnings behaal. Beide is deur die Here aangestel as konings oor Israel. Die Gees van die Here het op beide gekom – ja, dit is so, teen hierdie tyd het die Gees van die Here weer van Saul gewyk, maar daar was ‘n stadium wat die Gees van die Here ook op Saul gekom het. Natuurlik volg daar nog baie detail oor beide Saul en Dawid in die opvolgende openbaringsgeskiedenis. Maar dit lyk vir my wat ons moet raaksien is dat Dawid van Saul verskil het in die opsig dat hy verder gekyk het as net die fisiese gebeure wat plaasvind. Vir Saul was die oorlog tussen die volk en die Filistyne net dit: ‘n oorlog tussen Israel en die Filistyne. Dawid onderskei egter meer: hy sien dit is ‘n oorlog tussen die volk van God en ‘n heidense, onbesnede volk, hy sien ‘n dieper geestelike stryd, hy sien tot ‘n groter mate wat die Here sien, hy sien dit in die lig van die gevolge van die sondeval, hy sien dat dit ‘n stryd is tussen die nageslag van die vrou en die nageslag van die slang, dat dit ten diepste ‘n stryd is tussen die Een uit die vrou se nageslag en die duiwel self. En Dawid vertrou op die beloftes van die Here as hy tot die stryd toetree in volle verwagting dat die Here die oorwinning sal gee, wat tot gevolg sal hê

dat daar wye erkenning moet wees dat daar ‘n God in Israel is. Dit is in hierdie opsig dat Dawid beter is as Saul, dat hy ‘n koning is wat meer na die Here se hart is as Saul.

Implikasies vir ons:

Ek wil graag ‘n paar implikasies vir ons uitlig:

- Ek hoop dit is duidelik dat die Dawid/Goliat geskiedenis oor baie meer handel as motivering om ‘n goeie selfbeeld te ontwikkel om sodoende die Goliatte in ons lewens te oorwin. Dit gaan ook oor baie meer as om aan elke klippie een of ander betekenis te gee waaraan ons moet vashou in die geloof. Die verstommende van hierdie selfbeeld-interpretasie is dat dit heeltemal miskyk dat daar oënskynlik niks met Goliat se selfbeeld geskort het nie – en tog het hy verloor! Dit moet vir jou sê selfbeeld is nie die punt nie! Die vraag wat ek my afvra, is hoe eindig mense met sulke aweregse interpretasies? Ek lees onlangs wat Beale en Kim skryf oor hoekom ons dikwels by vreemde en onvanpaste interpretasies eindig. Twee van die redes wat hulle aanvoer, is: (1) Die eenheid van die Bybel as ‘n geheel word geïgnoreer – dit beteken dat die Dawid/Goliat gebeure geïnterpreteer word sonder om die konteks in aanmerking te neem, sonder om vrae te vra soos: Hoekom het die volk ‘n koning gevra, hoekom is Saul verwerp as koning, waarheen ontwikkel die koningskap van Dawid? As jy wil redeneer die les wat ons moet leer is om ‘n goeie selfbeeld te hê, ignoreer jy al die ontwikkelings voor en na die gebeure. (2) Die teenwoordigheid van Ou Testamentiese tipes word geïgnoreer. Daar is baie debat oor tipes/antitipes in die Bybel – soos oor hoe identifiseer ‘n mens ‘n tipe/antitipe en ander verwante onderwerpe. Maar die Bybel maak baie duidelik dat Dawid ‘n tipe van die Here Jesus is: Dink maar net aan Mat 1:1 waar Jesus beskryf word as die Seun van Dawid – Dawid is ‘n tipe van die Here Jesus. Die feit van die saak is die Ou Testament is openbaringsgeskiedenis waardeur die Here ons geleidelik al meer en meer leer van Sy verlossingsplan. Ons moet dit voortdurend in gedagte hou wanneer ons die Ou Testamentiese geskiedenis lees.
- Ons is baie geneig om onsself in die Dawid/Goliat gebeure direk met Dawid te wil assosieer. Wel, ons moet versigtig wees. Soos ons gesien het, is Dawid ‘n tipe van die Here Jesus, Goliat is ‘n tipe van die duiwel. As ons ons wil assosieer met ‘n rolspeler in hierdie verhaal, is ons lede van die volk wat vreesbevange op ‘n afstand in die kamp staan, sonder om toe te tree tot die stryd. Wat ook al oor was van ‘n motivering vir ‘n goeie selfbeeld, is nou daarmee heen. Die feit van die saak is, ons staan geen kans in die stryd teen die duiwel nie. Onthou, ons is soos Saul geneig tot sonde, ons het sondeskuld, ons sal ook maklik swig en ‘n kompromie met Goliat maak. Daarom bly ons maar saam met Saul in die kamp – terwyl Dawid uitgaan en Goliat oorwin. Ons staan saam met die vroue en die dissipels aan die voet van die kruis – terwyl Jesus aan die kruis die duiwel oorwin. Soos die volk, skep ons ook eers moed as Goliat dood is. Soos die volk, raak ons ook eers betrokke in die stryd as die oorwinning reeds behaal is. Ons is betrokke in die opruimingswerk na die slag gelewer is. Selfs met Jesus se hemelvaart, 40 dae nadat Hy die duiwel oorwin het, het Hy steeds aan Sy dissipels gesê hulle moet wag tot die Heilige Gees oor hulle kom – voor hulle moet uitgaan en die opruimingswerk gaan aanpak. As jy die betekenis van die gebeure verstaan, word dit duidelik dit is arrogant om ons self met Dawid te wil assosieer.
- Maar, kan jy nou redeneer: Ons is tog ook konings! Ons is tog ‘n koninklike priesterdom – ons het tog ook ‘n koningsrol – mag ons ons dan nie met Dawid assosieer nie? Wel, in die Dawid/Goliat gebeure is Dawid die een wat Goliat (‘n tipe van die duiwel) sonder ‘n wapenrusting tegemoet gaan. Ons is tot sonde geneig – daarom kan ons nooit sondermeer die duiwel oorwin nie. En selfs in ons rol om op te ruim nadat Jesus alreeds die duiwel

oorwin het, word ons in Efesiërs 6 aangemoedig om net toe te tree tot die geestelike stryd as ons die volle wapenrusting aanhet wat die Here vir ons gegee het: ons heupe omgord met die waarheid (insluitend dat Jesus reeds die duiwel oorwin het), ons bors bedek met die plaat van geregtigheid (wat Jesus bewerk het aan die kruis), aan ons voete die skoene van die evangelie van vrede (vrede wat Jesus bewerk het aan die kruis), as skild die geloof (geloof in Jesus), as helm op ons koppe die verlossing (wat Jesus aan die kruis bewerk het), en as swaard die Woord (wat Jesus as inhoud het). Die punt is: selfs vir die opruimingswerk het ons 'n wapenrusting nodig – en daardie wapenrusting is grotendeels deur Jesus bewerk. Daarom, moet ons versigtig wees om ons met Dawid te assosieer in die Dawid/Goliat gebeure – nee, selfs vir die opruimingswerk maak ons staat op Jesus se werk. Ja, ons het 'n rol as konings, maar nie om die duiwel te oorwin nie. Ons het 'n rol om stryd te voer teen die reeds oorwonne en gebonde duiwel en sy volgelinge wat naarstiglik rondskarrel siende dat hulle baasvegter reeds oorwin is. Maar ons moet God se volle wapenrusting aantrek vir hierdie stryd – ons is nie Dawid wat met 'n slingervel Goliat tegemoet gaan nie, ons is nie Jesus wat die stryd teen die duiwel voer nie. Daardie stryd het ons al in Gen 3 verloor. Ons stryd as konings is teen 'n wêreld wie se koning alreeds oorwin is, en ons kan hierdie stryd aanpak met 'n volle wapenrusting aan – laat ons dan as konings hierdie stryd met ywer aanpak.